1921 - 2021

HOËRSKOOL | *Monument* | HIGH SCHOOL

*Liewer Slyt As Roes*



# INHOUD




03
UIT DIE HOOF SE KANTOOR

04
WAARDES EN BESTAANSREDE

05
SKOOLLIED EN SKOOLKODE

06
MONNAS GESKIEDENIS

07
ALGEMENE INLIGTING

08
TOELATINGS-VEREISTES

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR



Monnas se karakter en etos is gesetel in 100 jaar se trotse geskiedenis en pragtige tradisies.

The Monnas brand is well-known all over South Africa and even abroad. We believe in being associated with and competing against the best. This prepares our learners to take their rightful place among the best, with confidence.

Monnas is prestasie-gedrewe, maar nie ten alle koste nie. Die gebalanseerde ontwikkeling van elke leerder is ons prioriteit.

Learners are urged to be involved - an involved learner is a content learner.

Ons vertrou dat u uit hierdie prospektus genoegsame inligting sal bekom om die regte keuse ten opsigte van u kind se verdere skoolloopbaan te maak.

Bekwame personeel spog met uitstekende kwalifikasies en is deeglik onderlê in die vakke wat hul onderrig. Die nuutste onderwystendense en -metodes word toegepas in die klaskamer. Akademie is ons prioriteit.

Ons is ook baie trots op ons matrieks van 2020 wat onder moeilike omstandighede uitgeblink het.
Om meer te lees van Monnas se prestasies op verskeie gebiede, volg ons op Facebook, Twitter en Instagram.

Ons sien uit daarna om u aansoek te ontvang en u kind te ontwikkel tot 'n afgeronde, gedissiplineerde en selfstandige persoon.

" .... gebuk by taaie arbeid sal ons eerder slyt as roes".

Monnasgroete
**J.S.M. CALITZ**



## BESTAANSREDE

Die doel en bestaansrede van Monnas beslaan verskeie aspekte:

Die skool bestaan eerstens om op ons leerders en hulle behoeftes te fokus. Ons wil graag sien dat elke Monumentaar 'n blinkoog kind is, wat beteken dat hulle sal uitsien om skool toe te kom, gelukkig sal wees en selfvertroue sal kweek.

Tesame met die voorgenoemde wil ons ook sien dat elke Monumentaar die geleentheid het om hulle potensiaal ten volle te ontgin, hetsy op akademiese, sportiewe of kulturele vlak.

Dan bestaan ons skool ook vir die breër gemeenskap wat deel is van ons leerders se lewens, ouers, onderwysers en ander belanghebbendes. Vir hierdie gemeenskap van mense wil ons ook 'n plek wees waar hulle kan tuisvoel, behoort en by betrokke kan raak.

## WAARDES

**1. Trots**
Ons trots vind inslag nie net in hoe ons voel, dink en doen nie, maar ook in ons interaksies met ander. Ons besef ook ware trots is inherent nederig en ons tree dienooreenkomstig op.

**2. Respek**
Om vir onsself en vir ander mense respek te betoon is een van die beginsels van enige Monumentaar, ouer en onderwyser. Vriendelikheid, bedagsaamheid en hoflikheid is maar net 'n paar van die praktiese maniere hoe hierdie waarde inslag vind in ons daaglikse doen en late.

**3. Diensbaarheid**
Ons is nooit te belangrik of te besig om tyd af te staan daar waar dit nodig is en waar ons kan help nie. Deur altyd hulpvaardig te bly, is hoe ons omgee vir mekaar en hoe ons mekaar se drome laat waar word.



# SKOOLLIED

Soos die dagbreek oor ons velde
is die stukrag van ons jeug.
In ons strewe na wat skoon is,
na die kennis en die deug.
Vir wat mooi is in ons eie
is ons wil en krag en werk,
vir wat hoog is en verhewe
vir wat edel is en sterk.
Ons durf tot daad en lewe
sal geen weerstand ooit verwoes,
maar gebuk by taaie arbeid
sal ons liewer slyt as roes.
Laat ons saamstaan in ons keuse,
laat die vaandels dan ontvou
met die Monument se leuse
op ons Ougoud, Bruin en Blou!

Woorde: JC Mentz (1951)
Musiek: Pierre Malan (1962)

# SKOOLKODE

Ek dank God dat Hy my lewe en gesondheid gee.
Ek sal die voorreg wat ek het om te leer nie verwaarloos nie.
Ek sal daarna streef om gesond te wees en te bly, na liggaam en gees.
Ek sal myself probeer leer ken en ek sal selfbeheersing beoefen waar en wanneer dit te pas mag kom,
veral as 'n middel tot versterking van my karakter.
Ek sal netjies wees ten opsigte van my persoon, my klere, my boeke, my skoolbank, my omgewing in die klaskamer, my omgewing op die skoolterrein en daar buite.
Ek sal die goeie naam van die skool in ere hou.
Ek sal die eiendom van 'n ander respekteer net soos ek dit van hom verwag – so ook die eiendom van die gemeenskap, soos die gebou, uitrusting en meubels van die skool, en waar ek in die koshuis is, ook dié van die koshuis.
Ek sal die vereistes van beleefdheid en goeie gedrag oral en altyd nakom.
Ek sal veral teenoor oueres beleefd wees.

# MONNAS GESKIEDENIS

Hoërskool Monument het 'n ryk en trotse geskiedenis.  Die skool is op **Dinsdag, 1 Februarie 1921** in die Royal George Vrymesselaarsaal in Ockersestraat geopen met 48 leerlinge, die eerste (waarnemende hoof) **Mnr W.R. Riemersma** en slegs drie onderwysers.
Die openingsrede is gehou deur **Mnr T.C. Stoffberg,** lid van die Uitvoerende Raad van Transvaal en voorsitter van die skoolbestuur.

Aan die einde van die kwartaal het die skool met 58 leerlinge gesluit. Aan die begin van **1922** is die skool verskuif na 'n ou kafee met woonhuis-annekse en die eerste vaste hoof, **Mnr P.W.S. Schumann** word aangestel.  As gevolg van die depressie na die Eerste Wêreldoorlog was 1922 'n moeilike jaar.
Nieteenstaande baie probleme is die seunskoshuis op **2 Februarie 1922** met 37 seuns ingebruik geneem en in **Februarie 1923** is die Harmonie-koshuis vir dogters geopen.

In **September 1921** het die skool goedkeuring ontvang dat die naam van die skool **Monument Hoërskool** sou wees en die amptelike skoolkleure blou, bruin en oranje. Die oranje het later plek gemaak vir **ou-goud**. In dieselfde maand het die biblioteek tot stand gekom.  Monnas het 'n sterk kultuuragtergrond met bekendes soos Professor Kristo Pienaar, Jan Cronjé en H.P. Hamman wat leerkragte daar was.  Ook was Professor Elize Botha en die digter T.T. Cloete leerlinge van ons skool.
Tradisies vorm 'n groot deel van Hoërskool Monument se uniekheid uit, soos byvoorbeeld die **Hekkiestap** waar Graad 8-leerders simbolies die skool binnestap en aan die einde van hulle matriekjaar weer uitstap – die volwasse lewe in.  Dié tradisie bestaan reeds sedert **1988.**

Die **Kloktradisie** het ontstaan tesame met die inwyding van die replika, presies volgens skaal gebou, van die **Paardekraal Monument** wat in 2005 opgerig is.  Dit behels die lui van die klok met die skool se verjaarsdag en enige groot gebeure rakende die skool.

Daar is ook in 1988 deur die matrikulante 'n **TYD-KAPSULE** aan die skool geskenk wat elke vyf jaar oopgemaak word waar die vorige artikels van vyf jaar gelede uitgehaal word.  Een van die skool se mees unieke tradisies is die **Gedenktoekenning** wat elke vyf jaar aan 'n oud-Monumentaar gemaak word.  Ontvangers van die toekenning:

1991 F.W. de Klerk
1996 Prof P.A. Pelser
2001 Prof Elize Botha
2006 Prof T.T. Cloete
2011 Esté Pienaar
2015 Dr Leon Wessels

Die skoolterrein is al menigmaal na verwys as 'n kampus vanweë die **uniekheid** en grootte op die **Ottoplein-koppie**.   Stelselmatig namate die skool gegroei en in getalle toegeneem het, is tydelike klasse en geriewe bygebring. Die laaste twee was die Astrobaan wat in 2016 ingewy is en die pawiljoene op die Ras van Rooyen-rugbyveld (2018).

Die skool se leuse: **"Liewer slyt as roes"** sowel as die skoolkode is deur die eerste skoolhoof Mnr P.W.S. Schumann (1922 – 1938) nagelaat. Hierdie "erfstukke" spreek van idealisme, waardes en norme wat tot ver in die toekoms deur elke Monumentaar gehuldig sal word.  **"Laat ons saamstaan in ons keuse, laat die vaandels dan ontvou met die Monument se leuse op ons Ougoud, Bruin en Blou".**



# ALGEMENE INLIGTINGSTUK

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Dit is baie belangrik dat elke leerder aan een somer- en een wintersport van sy/haar keuse deelneem.

Die volgende sportsoorte word beoefen:

| SOMER | WINTER |
|---|---|
| Atletiek | Skaak |
| Bergfietsry | Bergfietsry |
| Gholf | Gholf |
| Krieket | Hokkie |
| Swem | Rugby |
| Tennis | Muurbal |
| E-sport | E-sport |
| | Netbal |

## KULTUUR

Die volgende kultuuraktiwiteite is beskikbaar vir leerders om aan deel te neem:

**Redenaars, debat, koor, drama, dans, kuns, toneel, Monnas Idols, Revue en Mej Monnas**.

**Musiekskool**

Hoërskool Monument se Magneetskool vir musiek herdenk in 2021 sy 49ste bestaansjaar.
Die musieksentrum, wat in 1972 sy ontstaan gehad het met slegs 'n handjievol onderwysers en leerlinge, het die toets van die tyd deurstaan.

Die sukses van musiekonderrig aan Monnas se Magneetskool word gemeet aan die groeiende hoeveelheid leerlinge wat jaarliks eksterne eksamens slaag, uitstekend presteer tydens deelname aan Eisteddfods en ander groot musiekkompetisies en musiek as matriekvak aflê. Kwaliteitonderrig deur spesialisonderwysers is 'n maatstaf wat ons met trots handhaaf.

Monnas se Magneetskool word beskou as een van die min departementele musieksentra wat werklik suksesvol funksioneer. Ons leerlingtal strek oor die 200 en leerlinge kan kies uit sewe instrumente waarin onderrig gegee word: Klavier, viool, sang, tjello, kitaar, blokfluit en dwarsfluit.

## AKADEMIE

Ons akademiese fokus en uitslae is slegs een van die aspekte wat Monnas een van die top hoërskole in die land maak en bied die perfekte fondasie vir verdere studie en 'n suksesvolle loopbaan. Monnas bied aan ons leerders 'n wye verskeidenheid van vakke om te kies in Graad 10, 11 en 12.

**GRAAD 8 & 9**

Die volgende 9 leerareas is verpligtend:
Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, Tegnologie, Kuns en Kultuur en Lewensoriëntering

**Graad 10, 11 en 12 (Verpligte vakke)**

Afrikaans Huistaal, Engels Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid Lewensoriëntering

**KEUSEVAKKE ( 3) Kies DRIE ( Vakke)**

Besigheidstudies
Dansstudies
Dramatiese Kunste
Ekonomie
Fisiese Wetenskappe
Gasvryheidstudies
Geografie
Ingenieursgrafika en -ontwerp
Inligtingstegnologie
Konstruksie
Lewenswetenskappe
Musiek
Rekenaartoepassingstegnologie
Rekeningkunde
Toerisme
Visuele Kunste

# TOELATINGS-VEREISTES

Ouers/voogde van leerders moet die Christelike karakter en belydenis van die skool, soos gebaseer op die Bybel, as die Woord van God onderskryf.

Toelating van leerders is onderhewig aan die beskikbaarheid van akkommodasie.

Die ouderdom van 'n leerder mag nie die gemiddelde ouderdom van die leerders in sy/haar betrokke graad met twee jaar oorskry nie.

Ouers/voogde en leerders moet onderneem om die skoolreëls te eerbiedig en die Gedragskode te aanvaar.

Ouers/voogde moet onderneem om die finansiële verpligtinge, soos deur die Beheerliggaam bepaal, stiptelik na te kom, soos uiteengesit in die Ooreenkoms tot Onderrig.

# KONTAK MONNAS

(011) 953-1165/6/7
074 128 2144
074 167 0747
074 134 6570
KOSHUIS: (011) 660 9907
MUSIEKSENTRUM: (011) 665 2884

h/v Blommestein & Tweedestraat
Krugersdorp-Noord.

Ontvangs: rhona@monnas.co.za
Algemeen: monnas@monnas.co.za
Hoof: hoof@monnas.co.za
Bemarking: bemarking@monnas.co.za

*Vir meer inligting oor Monnas besoek asseblief ons webtuiste: www.monnas.co.za.*
*Vir nuus en stories besoek gerus Monnas se sosiale media bladsye:*

@hsmonument @hs_monument @HMonument

#UniekGefokus #SecondToNone #LiewerSlytAsRoes